basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**AFRIKAANS HUISTAAL**

**Graad 12**

**Hersieningsoefeninge**

**Taalstrukture en -konvensies**

**2020**

**Bronne: Provinsiale en DBE Eksamenvraestelle en Nasienriglyne**

**Erkenning word hiermee verleen aan die volgende samestellers van die**

**Graad 12 Afrikaans Huistaal Vraestelle en Nasienriglyne:**

Vrystaat Departement van Onderwys

Noord-Wes Departement van Onderwys

Gauteng Departement van Onderwys

Department of Basic Education

**Oefening 1**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**




***Internasionale bekroonde reeks***

Kalahari-velsorg is ŉ hoogs doeltreffende, 3.2 (resultaat + dryf) reeks produkte wat bestaan uit ŉ kombinasie van natuurlike plantolies en plantekstrakte, gekombineer met moderne bestandele.

Resultate is duidelik sigbaar.

Dít is geskik vir alle veltipes en -toestande.

Jou perfekte planteffektiewe reeks.

ŉ Doeltreffende gesigroom sonder tierlantyntjies wat jou vel bevogtig, teen skadelike UV-strale beskerm, die plooie op ŉ afstand hou en dalk self ŉ bietjie kleur gee.

Kenners meen: "Met so ŉ produk kan enige man mos 'oorlog' toe gaan."

[Bron: *Netwerk24*, 10 Oktober 2017]

3.1 Gee 'n voorbeeld van oorrendende taal uit reël 1–3 en toon aan wat die kopieskrywer daarmee wil bereik. (1)

3.2 Vorm die korrekte deelwoord van die woorde tussen hakies in reël 2. (1)

3.3 Skryf die woord in reël 4 wat verkeerd gespel is, korrek oor. (1)

3.4 Hoe dink jy dra die foto tot die geslaagdheid van die advertensie by? (1)

3.5 Benoem die onderstreepte woord in reël 6 volledig ten opsigte van die woordsoort waartoe dit behoort. (1)

3.6 Vervang die koppelteken in reël 6 met 'n gepaste woord? (1)

3.7 Verdeel die onderstreepte woord in reël 7 in klankgrepe. (1)

3.8 Watter klankverskynsel kan moontlik voorkom by die uitspreek van *tierlantyntjies* in reël 8? (1)

3.9 Waarom word *oorlog* in reël 11 in aanhalingstekens geskryf? (1)

3.10 Herskryf reël 11 in die indirekte rede. (1)


**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENTE

Bestudeer die strokiesprente (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS E

### STROKIE 1




[Verwerk uit *Netwerk24*, 20 September 2018]

**STROKIE 2**




[Verwerk uit *Netwerk24*, 20 September 2018]

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Waarom is daar 'n komma voor manne in SPRAAKBORREL 1? | (1) |
| 4.2 | Watter gevoel dra die soldate se woorde in SPRAAKBORRELS 3 en 4? | (1) |
| 4.3 | Brei die sin in SPRAAKBORREL 5 met 'n bywoordelike bepaling uit en onderstreep die bepaling. | (1) |
| 4.4 | Herskryf Hägar se eerste sin in SPRAAKBORREL 6 in 'n spesifieke vraagsin. | (1) |
| 4.5 | Verbind die sinne van die koning in SPRAAKBORREL 7 met 'n neweskikkende voegwoord. | (1) |
| 4.6 | Watter afleiding behoort Hägar uit die koning se woorde in SPRAAKBORREL 7 te maak? | (1) |
| 4.7 | Gee 'n persoonsnaam vir iemand wat in Noorweë bly. | (1) |

4.8 Watter taalverskynsel kom in die woord *blindelings* in SPRAAKBORREL 14 voor? Kies een van die volgende deur slegs die letter neer te skryf.

A Kontaminasie
B Toutologie
C Analogie
D Onomatopee (1)

4.9 Die woord *regte* word in SPRAAKBORREL 15 beklemtoon. Skryf die woord oor deur van die nodige skryftekens gebruik te maak.

4.10 Is die soldate se optrede teenoor Hägar geloofwaardig? Motiveer jou antwoord. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

## ONTSPANNING – OM JOU BATTERYE TE HERLAAI

1 Probeer om ’n <u>naweekmentaliteit</u> in die week te volg en die resultaat: ’n gelukkiger, gesonder en meer huppel-in-jou-stap jy!

2 Ontspanning is nie effektief as jy jou werk of frustrasies op jou **reis** saamneem nie en nog die hele tyd lewendig hou nie – dis juis om ’n oomblik daarvan te vergeet.

3 Naweke is belangrik. <u>Dit is ongelooflik hóé baie goed jy in hierdie twee dae kan inpas!</u> Dit is geen wonder dat 72% van vroue sê hulle sal met ’n kleiner salaris tevrede wees as hulle net ’n drie-dag-naweek kan hê nie! **As hierdie strategie werk, het die naweek mos sy doel gedien.**

4 Gelukkig is daar ’n meer koste-effektiewe manier hoe jy meer naweek in jou week kan inwerk. Doen minder. Raak ontslae van die dinge wat jou dag (5.8 vol).

5 Maak Maandagoggende rustiger. Die Griekse geskiedkundige Herodotus het geskryf dat oorhaastigheid die oorsaak van mislukking is. En ’n chaotiese week begin gewoonlik met ’n mal-Maandag. Raak ontslae van die struikelblokke deur op Vrydae vooruit te beplan. Bly ’n bietjie langer by die werk en skryf ’n doen-dit-lysie, sorteer jou lessenaar uit en dateer jou kalender op. So kan jy die volgende Maandag heerlik (5.10 ___) ’n koppie koffie en die koerant klets.

[Verwerk uit *Voelgoed,* 27 September 2018]

5.1 Op watter manier van woordvorming is die onderstreepte woord in paragraaf 1 saamgestel? (1)

5.2 Gee die intensiewe vorm van *gelukkiger* in paragraaf 1. (1)

5.3 Skryf die infinitiewe vorm van die werkwoord wat in paragraaf 2 voorkom, neer. (1)

5.4 Maak 'n verduidelikende sin met die homofoon van *reis* in paragraaf 2. (1)

5.5 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 3 met 'n byvoeglike bysin uit. Skryf die hele sin oor en onderstreep jou bysin. (1)

5.6 Skryf 72% in woorde uit. (1)

5.7 Skryf die sin "Doen minder" (paragraaf 4) oor in die lydende vorm. (1)

5.8 Gee die verkleining van *dinge* in paragraaf 4. (1)

5.9 Vorm met behulp van 'n metamorfeem die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 4. (1)

5.10 Vul die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 5 in. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**Oefening 2**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Bestudeer die advertensie **(TEKS D)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

auto & general

huis-, besigheids- en lewens*versekering*

(3.1) Auto & General <u>Motor-</u> en Huisinhoudversekering

Motor-,

deur die ATKV



# Die taal hou tred met die tyd.

# Kan jy dieselfde van jou versekering sê?

Net soos Afrikaans by verandering en nuwe tegnologie moet aanpas, moet jou versekering by die nuwe risiko's van die hedendaagse lewe kan aanpas. Met **Auto & General Motor- en Huisinhoudversekering** deur die ATKV kan jy gerus wees dat jy nie net aanpasbare versekering het nie, maar ook waardevolle voordele kry, soos:

- Kostevrye Tracker-installasie en **gesubsidieerde** intekengeld.
- Dekking vir jou motor se klankstelsel.
- Dekking vir 'n wye reeks huishoudelike risiko's, soos brand, diefstal en oorstroming.
- Dekking vir kos wat as gevolg van kragtoevoer of gebreekte ys- of vrieskas bederf.

**SKAKEL 0860 28 28 69**

**VANDAG NOG VIR VERSEKERING WAT IN PAS BLY!**

ATKV

[Uit: *MyTyd Rapport,* September 2012]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Vervang die koppelteken in reël 1 met die gepaste woorddeel. (1)

3.2 "hou tred met die tyd" (Reël 2)

Haal opeenvolgende woorde uit reël 8–15 aan wat by dié woorde aansluit. (1)

3.3 Wat wil die adverteerder bereik met die insluiting van al die inligting in reël 8–13? (1)

3.4 Waarom word die onderstreepte letter in die vetgedrukte woord in reël 8 nie met 'n deelteken geskryf nie? (1)

3.5 Gebruik die kern van die onderstreepte woord in reël 8 as bepaler in 'n ander woord. (1)

3.6 Skryf jou eie TWEE sinne neer om die verskil in betekenis tussen *vir seker* en *verseker* duidelik aan te toon. (2)

3.7 Kyk na die foto.

Dink jy die gebruik van 'n ouer motor op die voorgrond dra tot die ondersteuning van die stelling in reël 15 by? Motiveer jou antwoord. (1)


3.8 Noem TWEE maniere waarop hierdie advertensie die verbruiker motiveer om tot aksie oor te gaan. (2)

**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Bestudeer die spotprent **(TEKS E)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**



[Uit: *Die Burger*, 23 Mei 2015]

**VRAE: TEKS E**

4.1 Gee 'n antoniem vir die kursiefgedrukte woord in RAAMPIE 1. (1)

4.2 Skryf die eerste diftong/tweeklank wat in RAAMPIE 1 voorkom, neer. (1)

4.3 Brei die tweede sin van RAAMPIE 1 deur middel van 'n byvoeglike bysin uit. (1)

4.4 Watter gevoelswaarde spreek uit die verkleiningsvorm van die onderstreepte woord in RAAMPIE 2? (1)

4.5 Skryf die voorwerpsin in RAAMPIE 2 neer. (1)

4.6 Herlees die woorde in RAAMPIE 2.

4.6.1 Benoem die soort selfstandige naamwoord waartoe die woord *lirieke* behoort. (1)

4.6.2 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies.

Die ma is (liriek) oor haar baba se sang. (1)

4.7 Wat is die funksie van die ellips/beletselteken in RAAMPIE 3? (1)

4.8 Wat is onderskeidelik die denotatiewe én konnotatiewe betekenis van die onderstreepte woorde in RAAMPIE 4? (2)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Bestudeer die artikel **(TEKS F)** en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**MATRIEK IN TWEE DAE**

1 Dit is nie net by ons waar matrieks se senuwees en uithouvermoë in 'n eksamenlokaal getoets word nie. Jong Chinese se toekoms hang van hul finale eksamen voor universiteitstoelating af.

2 Chinese leerlinge se hele skoolloopbaan het net een doel (5.2) … oë: die *gaokao*. En om dié finale toelatingseksamen te slaag.

3 Dit vind in die middel (5.3) <u>van</u> die jaar oor twee dae plaas.

4 Omdat dit so kort is, (5.4) <u>plaas dit uitermate druk op die kinders</u>.

5 (5.5) <u>Hulle moet vraestelle in Chinees, Wiskunde en Engels aflê</u> (Engels is 'n verpligte vak vir almal).

6 Hulle studeer tot 15 ure per dag daarvoor, want hulle (5.6) <u>ding mee</u> om "net" 6,5 miljoen universiteitsplekke.

| | |
|---|---|
| 7 | Sowat 9,8 miljoen leerlinge het vanjaar vir die eksamen ingeskryf – baie van hulle van duur private skole. Dit word in (5.7) hoofsentra afgelê en duisende van hulle word met spesiale busse na die lokale aangery. |
| 8 | Die Hengshui High School in die (5.8) Hebei-Suid se leerlinge vaar reeds die afgelope 14 jaar die beste in die (5.9) gaokao. |
| 9 | Die skool het twee leuses: |
| 10 | "Die lewe is nie 'n kleedrepetisie nie – jy gaan nie kans kry om hom óór te lewe nie," en "As jy nog nie dood is van harde werk nie, werk harder." |
| 11 | Leerlinge word daar met kringtelevisie dopgehou en moet van 05:30 tot 21:50 studeer. |
| 12 | Vertel dít 'n bietjie vir jou Suid-Afrikaanse (5.10) matrieks … |

[Verwerk uit: http://www.netwerk24.com/Ontspan/Matriek-in-twee-dae]

**VRAE: TEKS F**

5.1 Skryf 'n woord in paragraaf 1 neer wat dieselfde as "stamina" beteken. (1)

5.2 Skryf die ontbrekende voorsetsel in paragraaf 2 neer. (1)

5.3 Maak 'n sin van jou eie met die homoniem van die onderstreepte woord. (paragraaf 3) (1)

5.4 Herskryf die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 4 in die lydende vorm sodat dit binne die konteks van die sin sal pas. (1)

5.5 Gee die voorwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 5. (1)

5.6 Tot watter woordsoort behoort die onderstreepte woorde in paragraaf 6? (1)

5.7 Gee 'n ander meervoud wat vir die onderstreepte woord in paragraaf 7 gebruik kan word. (1)

5.8 Gee die spelreël wat die koppeltekengebruik van die onderstreepte woord in paragraaf 8 bepaal. (1)

5.9 Is "gaokao" (paragraaf 8) 'n voorbeeld van 'n leenwoord? Motiveer jou antwoord. (1)

5.10 Vorm, deur middel van afleiding, 'n ander persoonsnaam vir die onderstreepte woord in paragraaf 12. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

**Oefening 3**

## AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES

### VRAAG 3: ADVERTENSIES

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D**

WAT JY NIE WIL HÊ NIE, KOOP ONS;

WAT JY GRAAG WIL HÊ,

VERKOOP ONS.



Ons verkoop 'n wye reeks tuingereedskap in 'n goeie toestand vir heelwat minder as wat jy sou verwag – en koop jou gehalte-items by jou wanneer jy wil opgradeer. En terwyl jy 'n draai maak in ons winkels, kan jy gerus 'n bietjie rondkyk. Jy sal verbaas wees oor hoeveel goed daar is wat sommer nommerpas vir jou droomhuis is, teen heelwat minder as wat jy elders sal betaal. En ja, wanneer jou visie verander en jy aan 'n nuwe droom werk, koop ons graag wéér by jou sodat jy nóg geld kan bank. Dis persies só eenvoudig!

**cashconverters.co.za**

Bepalings & voorwaardes geld. Cash Converters is 'n lid van die National Association of Franchised Tweedehandse Handelaars.
Cash Converters bied franchise-geleenthede.

[Verwerk uit *Huisgenoot*, 1 September 2016]

**VRAE: TEKS D**

3.1 Gee die kontrasterende woorde in die opskrif wat die adverteerders se diens beskryf. (1)

3.2 Vervang die kommapunt in reël 1 met 'n gepaste woord sonder om die woordorde van die sin(ne) te verander. (1)

3.3 Hoekom pas die visuele voorstelling in reël 1–3 by dié advertensie? (1)

3.4 Watter wanindruk ten opsigte van die adverteerder skep die visuele voorstelling in reël 4? (1)

3.5 Gebruik die onderstreepte byvoeglike naamwoord in reël 5 as 'n bywoord in 'n sin. Indien nodig, mag die woord verbuig word. (1)

3.6 Wat is die adverteerders se doel met die onderstreepte woorde in reël 9? Dink jy die visuele voorstelling ondersteun dié woorde? Motiveer jou antwoord. (2)

3.7 Skryf slegs die hoofsin wat in reël 10–11 voorkom, neer. (1)

3.8 Gebruik die homoniem van *bank* (reël 11) in 'n verklarende sin. (1)

3.9 Watter klankverskynsel kom voor by die uitspraak van die onderstreepte woord in reël 12? (1)
**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




[Verwerk uit www.creditreportservice.info/article]

**LET WEL:** Hägar is die Viking en Helga is sy vrou.

**VRAE: TEKS E**

4.1 Vervang die onderstreepte woorde in RAAMPIE 2 met die intensiewe/ versterkte vorm. (1)

4.2 Skryf Helga se woorde in RAAMPIE 3 in die lydende vorm. (1)

4.3 Die hoofletters in RAAMPIE 3 is gebruik om die woord te beklemtoon.

Skryf die woord oor en gebruik die korrekte aksentteken(s) op die korrekte manier om die woord te beklemtoon. (1)

4.4 Waarom sê Helga in RAAMPIE 4 nie reguit dat haar seun ongemanierd is nie? (1)

4.5 Herlees RAAMPIE 6.

4.5.1 Vervang die onderstreepte woorde met 'n enkele voornaamwoord wat in die sin pas. (1)

4.5.2 Wat impliseer Hägar met sy tweede sin? (1)

4.6 Gebruik die afkorting in RAAMPIE 7, volledig uitgeskryf, in 'n verklarende sin van jou eie. (1)

4.7 Bestudeer RAAMPIE 8.

4.7.1 Op watter wyse gebruik Helga taal om haar mag te demonstreer? (1)

4.7.2 Dink jy Hägar verdien hierdie optrede? Motiveer jou antwoord. (1)

4.8 Voltooi namens Helga die idioom in RAAMPIE 9. (1)
**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**SUID-AFRIKA: SÓ <u>VERLOKLIK</u>, MAAR O, SO SUKSESLOOS!**

1 Die sukses van 'n (5.3) (ontwikkel) nasie hang nie van ouderdom af nie: Egipte en Indië is ouer as twee (5.4) (tydperke van 1 000 jaar) terwyl Kanada, Australië en Nieu-Seeland relatief jonk, maar (5.5) <u>welvarend</u> is.

| | |
|---|---|
| 2 | <u>Dit hang ook nie af van beskikbare hulpbronne nie</u>. Japan het min natuurlike hulpbronne, maar verwerk ingevoerde grondstowwe en voer dan die produkte uit na die res van die wêreld. Switserland kweek self nie kakao nie, maar vervaardig van die beste sjokolade. |
| 3 | Daar is ook nie intellektuele verskille tussen **eweknieë** van suksesvolle en onsuksesvolle nasies nie. Die enigste verskil lê daarin dat die meeste mense in suksesvolle lande die kernwaardes van etiek, integriteit, verantwoordelikheid, respek vir wette en regulasies, hardwerkendheid, produktiwiteit, spaarsaamheid en stiptelikheid uitleef. (5.8) <u>Hulle ken nóg bedrog, nóg korrupsie</u>. |
| 4 | Die geheim van sukses lê dus eenvoudig in die karakter en houding, in die kwaliteit van die innerlike krag van die land se inwoners. |
| 5 | Om (5.9) … pas met dié kernwaardes te leef mag dalk eenvoudig en selfs outyds klink, maar <u>dit het baie implikasies</u>. Dit beteken dat leerders en studente nie skole en biblioteke aan die brand steek nie, dat hulle eerder hard sal werk en beskikbare bronne met verantwoordelikheid tot voordeel van alle mense sal gebruik. |
| | [Verwerk uit *Die Burger*, 5 Januarie 2016] |

**VRAE: TEKS F**

5.1 Benoem die taalverskynsel wat aangewend is om die onderstreepte woord in die opskrif te vorm. (1)

5.2 Wat is die betekenis van die agtervoegsel/postmorfeem/suffiks in die laaste woord van die opskrif? (1)

5.3 Gee die korrekte vorm van die onvoltooide/teenwoordige deelwoord in die eerste sin van paragraaf 1. (1)

5.4 Vervang die woorde wat tussen hakies in paragraaf 1 voorkom, met slegs EEN woord. (1)

5.5 Gebruik die antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 1 in 'n verklarende sin. (1)

5.6 Skryf die onderwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 2 neer. (1)

5.7 Verdeel die vetgedrukte woord in paragraaf 3 in lettergrepe. (1)

5.8 Skryf die onderstreepte sin in paragraaf 3 in die verlede tyd. (1)

5.9 Skryf slegs die voorsetsel wat in paragraaf 5 ontbreek, neer. (1)

5.10 Brei die onderstreepte sin in paragraaf 5 uit met behulp van 'n byvoeglike bysin. Skryf die sin volledig oor en onderstreep jou bysin. (1)

**[10]**

**TOTAAL AFDELING C: 30**

## Oefening 4

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**
**VRAAG 3: ADVERTENSIES**
Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.
**TEKS D**

**DIE AFRIKAANSE TAALMUSEUM EN MONUMENT**
*kultuur, natuur, plesier* — PAARL —

# OPROEP:

**NOMINASIE VAN KANDIDATE VIR DIE NEVILLE ALEXANDER-PRESTIGETOEKENNING**

Die Raad van die Afrikaanse Taalmuseum en -monument (ATM) nooi die publiek uit om geskikte kandidate te nomineer vir hul tweede jaarlikse Neville Alexander-prestigetoekenning.

Alexander (1936-2012) was 'n bekroonde linguis, opvoedkundige en akademikus, wat hom sterk beywer het vir veeltaligheid en moedertaalonderrig in Suid-Afrika.

**Die toekenning sal gemaak word aan:**
- 'n geskikte kandidaat of instelling
- wat 'n beduidende bydrae op grondvlak gelewer het
- op enige gebied van Afrikaans as moedertaal of veeltaligheidsdrywer

Die wenner sal op Erfenisdag, 24 September 2016, tydens die ATM se Neville Alexander-gesprekreeks deur die Voorsitter van die Raad aangekondig word. 'n Sertifikaat en 'n bedrag van R20 000 sal aan die wenner oorhandig word___ ondersteuning van 'n relevante taalprojek.

**'n Nominasievorm is by die ATM beskikbaar of per pos of e-pos.**
**Nominasies moet die ATM voor of op 14 Augustus 2016 bereik**
**Posbus 498, Paarl 7646, of per e-pos admin@taalmuseum.co.za.**

**Navrae:**
**Tel 021 863 0543/4809**

Tel. 021 863 4809 / 0543 www.taalmonument.co.za | Afrikaanse Taalmonument | @taalmonument

Die Afrikaanse Taalmuseum & -monument
'n agentskap van die Departement van Kuns en Kultuur

[Uit: www.netwerk24.com]

3.1 Verbeter die skryftekenfout wat in reël 1 voorkom. (1)

3.2 Dink jy die visuele voorstellings in reël pas by die woorde in reël 1? Motiveer jou antwoord. (1)

3.3 Vorm ’n werkwoord van die onderstreepte woord in reël 4 om in ’n sin van jou eie te gebruik. (1)

3.4 Wanneer word na iemand as ’n *bekroonde* (reël 9) persoon verwys? (1)

3.5 Word die onderstreepte woord in reël 13 denotatief of konnotatief gebruik? Motiveer jou antwoord. (1)

3.6 Gee die afkorting wat vir *September* (reël 15) gebruik word? (1)

3.7 Die woord *raat* word amper dieselfde as *Raad* (reël 16) uitgespreek. Maak ’n sin met *raat* om die betekenisverskil aan te dui. (1)

3.8 Skryf die onderstreepte woorde in reël 17 voluit in woorde. (1)

3.9 Skryf die ontbrekende voorsetsel (reël 18) neer. (1)

3.10 Herskryf die onderstreepte sin in reël 20 in die verlede tyd. (1)
**[10]**

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

Lees en kyk na die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**

Raampie 1 Raampie 2 Raampie 3 Raampie 4




[Verwerk uit www.netwerk24.com]

4.1 Gee die verkleinwoord van die onderstreepte woord in raampie 1. (1)

4.2 Gee ’n ander woord wat min of meer dieselfde as *kennis* (raampie 1) beteken. (1)

4.3 Herskryf die sin in raampie 1 in die indirekte rede. Begin jou antwoord met *Die dier sê ...*

4.4 Gee die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

Dit is maklik om in die vlakwater te (drink). (1)

4.5 Vervang die woord *sodat* (raampie 2) met 'n ander verbindingswoord wat 'n verduideliking/oorsaak en gevolg aandui. (1)

4.6 Herskryf die sin in raampie 3 korrek. (1)

4.7 Wat is die funksie van die aanhalingstekens in raampie 3? (1)

4.8 Verbind die sinne in raampie 3 en 4 in een sin en skryf dit korrek oor. (1)

4.9 Gebruik die onderstreepte woord in raampie 4 as 'n selfstandige naamwoord in 'n sin van jou eie. (1)

4.10 Skryf die gesegde van die sin in raampie 4 neer. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL**

Lees die teks hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS F**

**Voëltjies kyk is meer pret as wat jy dink**

1 Die eerste stap na genesing, is glo om te erken dat jy ’n probleem het.

2 Die probleem is, ek hóú van my probleem. Dit maak nie vet nie, dit tas nie my longe aan nie, dit maak my nie dronk of ontoerekeningsvatbaar nie, dit kos nie geld nie en dit stel my nie bloot aan onfatsoenlike mans nie.

3 Ek weet wat julle dink. Sy’t ’n passie ontwikkel vir rolbal. Jammer, ek is nie een vir ekstreme sportsoorte nie. My enigste aksie is wanneer ek my koppie tee optel of die afstandbeheer onder die duvet soek.

4 Soos met enige verslawing, het dit my stadig bekruip. Aanvanklik het ek dit net sporadies gedoen. Later meer dikwels en deesdae, wel, so gereeld as wat dit moontlik is. Meestal op ’n Donderdag-, Vrydag-, Saterdag- en Sondagaand.

5 Dis hoe lank ’n PGA-gholftoernooi duur. Ongeveer twintig uur.

6 Dit maak nie vet nie, dit tas nie my longe aan nie, dit maak my nie dronk of ontoerekeningsvatbaar nie, dit kos nie geld nie en dit stel my nie bloot aan onfatsoenlike mans nie.

7 Dis beslis een van die redes hoekom ek dit so geniet, want anders as ’n rugbywedstryd is dit ’n rustige, tydsame spel. Niemand byt of slaan mekaar nie en daar’s ook nie ’n partydige skeidsregter betrokke nie.

8 Ek kan ’n gholfbal raak slaan, maar nie so goed dat ek myself ’n gholfspeler kan noem nie. Wat ek wel weet, is dat dit ’n uiters bedrieglike sportsoort is, en sodra jy dink jy kan dit doen, bring die gholfgode jou vinnig terug aarde toe.

9 Die groot lekkerte daarvan om gholf op televisie te kyk, is dit jaag selde jou bloeddruk tot kookpunt op. En dis die ideale ontspanning vir ’n natuurliefhebber, jy sien gereeld voëltjies, selfs ’n arend as jy gelukkig is.

[Verwerk uit: *www.netwerk24.com*]

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Herskryf die onderstreepte sin in paragraaf 1 in die verlede tyd. | (1) |
| 5.2 | Skryf die intensiewe vorm van die onderstreepte woord in paragraaf 2 neer. | (1) |
| 5.3 | Gee die antoniem vir *dronk* (paragraaf 2). | (1) |
| 5.4 | Brei die onderstreepte sin in paragraaf 3 uit met ’n byvoeglike bepaling. | (1) |
| 5.5 | Skryf die stam van die onderstreepte woord in paragraaf 4 neer. | (1) |
| 5.6 | Watter klankverskynsel kan met die uitspraak van die onderstreepte woord in paragraaf 5 voorkom? | (1) |
| 5.7 | Skryf die redegewende verbindingswoord uit paragraaf 7 neer. | (1) |
| 5.8 | Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 8? | (1) |
| 5.9 | Skryf die infinitief uit die onderstreepte sinsdeel in paragraaf 9 neer. | (1) |
| 5.10 | *Jy sien gereeld voëltjies.* | |
| | Herskryf die sin in die lydende vorm. | (1)<br>**[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |

**Nasienriglyne**

**Oefening 1**

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 3.1 | Bekroonde reeks/hoogs doeltreffende.<br>Om die leser te manipuleer om die produk te koop. ✓<br>(*Die kandidaat kan nie oorreed in verduideliking/antwoord gebruik nie*) | 1 | 4 |
| 3.2 | resultaatgedrewe✓<br>*(Die woord moet korrek gespel wees.)* | 1 | 3 |
| 3.3 | bestan**dd**ele ✓<br>(*Die kandidaat moet die woord korrek spel.*) | 1 | 1 |
| 3.4 | Die foto van die bekende sanger/<br>mooi man met perfekte vel ondersteun die inhoud dat die produk goeie resultate lewer/<br>gewilde/bekende mans gebruik die skoonheidsprodukte. ✓<br>(*Die kandidaat moet foto met geslaagdheid verbind vir 1 punt*) | 1 | 4 |
| 3.5 | Aanwysende voornaamwoord. ✓ | 1 | 3 |
| 3.6 | veltoestande. ✓ | 1 | 1 |
| 3.7 | Plant-e-fek-tie-we ✓ | 1 | 1 |
| 3.8 | Palatalisasie ✓ | 1 | 3 |
| 3.9 | Die woord is buite konteks gebruik jy gaan nie werklik oorlog toe nie./<br>Jy gaan nie werklik oorlog toe nie. ✓<br>(*Die kandidaat moet na die konnotatiewe gebruik verwys.*) | 1 | 2 |
| 3.10 | Kenners sê/ is van mening dat enige man met so ’n produk oorlog toe kan gaan.<br>Kenners meen/sê met so 'n produk kan enige man oorlog toe gaan. ✓ | 1 | 3 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt | Vlak |
|---|---|---|---|
| 4.1 | Daar is ’n komma voor die aanspreekvorm. ✓ | 1 | 1 |
| 4.2 | angs/bang. ✓ | 1 | 5 |
| 4.3 | Noorweë, is **nou/altyd/gereeld** vol Vikings. ✓<br>(*Die kandidaat bied ’n eie gepaste bywoordelike bepaling vir EEN punt aan.*) | 1 | 3 |
| 4.4 | Wie het verdwaal?/<br>Waar het ons verdwaal?/<br>Waarheen het ons verdwaal? ✓<br>(*Indien die vraagteken ontbreek, kry die kandidaat geen punt nie.*) | 1 | 2 |
| 4.5 | Weg met julle Vikings, **want** julle bloed gaan vloei. ✓ | 1 | 3 |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | *(Die kandidaat moet die woordorde sowel as die leesteken korrek aanbied.)* | | |
| 4.6 | Dat hulle nie welkom is nie./<br>Die koning hou nie van hulle nie./<br>Dat daar gevegte gaan plaasvind./<br>Mense gaan seerkry. ✓ | 1 | 3 |
| 4.7 | Noorweër/Noor. ✓ | 1 | 1 |
| 4.8 | C (Analogie) ✓ | 1 | 3 |
| 4.9 | r**é**gte. ✓ | 1 | 2 |
| 4.10 | Nee, Hägar is hulle leier en hulle moet respek toon.<br>OF<br>Ja, Hägar kan nie van die soldate verwag om aan gevegte deel te neem as hulle nie wil nie. ✓ | 1 | 5 |
| | | | **[10]** |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| **Vraag** | **Antwoord** | **Punt** | **Vlak** |
|---|---|---|---|
| 5.1 | ’n Samestelling ✓ | 1 | 3 |
| 5.2 | dolgelukkiger. ✓ | 1 | 1 |
| 5.3 | om te vergeet. ✓ | 1 | 3 |
| 5.4 | Ek eet graag koue rys./<br>Die spook rys regop. ✓<br>(*Die kandidaat bied 'n eie sin met rys vir EEN punt aan.*<br>*Die betekenis van rys kan die volgende wees:*<br>*Graansoort in tropiese streke gekweek/orent staan,*<br>*regop staan.*) | 1 | 2 |
| 5.5 | Dit is ongelooflik hoe baie goed, **wat jy kan doen**, jy in hierdie twee dae kan inpas./<br>Dit is ongelooflik hoe baie goed, **wat jou lewe kan vervul**, jy in hierdie twee dae kan inpas. ✓ | 1 | 5 |
| 5.6 | twee-en-sewentig persent/<br>twee en sewentig persent ✓ | 1 | 1 |
| 5.7 | Minder moet (deur jou/haar/hom) gedoen word. ✓ | 1 | 4 |
| 5.8 | dingetjies ✓ | 1 | 1 |
| 5.9 | vul. ✓ | 1 | 3 |
| 5.10 | oor. ✓ | 1 | 3 |
| | | | **[10]** |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | | **30** |

## Nasienriglyne

## Oefening 2

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | –versekering/-inhoudversekering √ | 1 |
| 3.2 | <u>in pas bly</u> √<br><br>*Die onderstreepte woorde moet deel van die antwoord vorm.* | 1 |
| 3.3. | Die adverteerder wil die voordele van versekering aan die leser uitwys./<br>Dit oorreed die leser om versekering by Auto & General uit te neem. √ | 1 |
| 3.4 | Daar is geen uitspraakverwarring nie./<br>Die woord kan net op een manier uitgespreek word./<br>Lettergreepverdeling is (sonder die deelteken) duidelik<br>woord). √ | 1 |
| 3.5 | geldstuk/geldmark/geldnoot/geldstukke √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord vir EEN punt* aan. | 1 |
| 3.6 | Dit is vir seker nie 'n leuen nie! √ | 1<br>1 |
| 3.7 | Ja<br>Die ouer motor/motor op die voorgrond is bewys dat die versekering na al die jare steeds dekking bied./<br>Die versekeraar onderskei nie tussen ouer en nuwer modelle nie.<br><br>**OF** | 1 |
| 3.8 | Die advertensie maak beloftes./<br>Die advertensie stel die gebruiker gerus./<br>Dit gee opdrag aan die leser om kontak te maak./<br>Dit beïnvloed die Afrikaanssprekende om die taal/motorversekeraar te ondersteun./<br>'n Telefoonnommer word voorsien wat dit vir die leser maklik maak om dadelik tot aksie oor te gaan./<br>Die telefoonnommer wat in groot gedruk is, dwing jou om dadelik tot aksie oor te gaan. √√ | 2 |
| | | **[10]** |

2017 -03- 2 2

## VRAAG 4: SPOTPRENT

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | Outydse/Ouderwetse/Oudmodiese/Verouderde√ | 1 |
| 4.2 | y/stylvol √ | 1 |
| 4.3 | Navorsing **wat gedoen is**, bewys dit. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke bysin as antwoord aan.* | 1 |
| 4.4 | Liefde/vertedering √ | 1 |
| 4.5 | ... hy's besig om die lirieke vir 'n nuwe Afrikaanse treffer te komponeer! √<br><br>*Die kandidaat moet die volledige voorwerpsin as antwoord aanbied.* | 1 |
| 4.6.1 | Soortnaam √ | 1 |
| 4.6.2 | liries √ | 1 |
| 4.7 | Die ellips/beletselteken dui op die onklaar/onvoltooide woorde van die baba/ gebabbel/dit wat jy moet aflei. √ | 1 |
| 4.8 | Die denotatiewe betekenis is dat die baba letterlik in die waentjie/wieg neergelê is. √<br>Die konnotatiewe betekenis is dat hy 'n aanleg het om 'n treffer te komponeer. √ | 2 |
| | | [10] |

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | uithouvermoë √ | 1 |
| 5.2 | voor √ | 1 |
| 5.3 | Die boer se van is Koekemoer. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin met die homoniem van van aan.* | 1 |
| 5.4 | ... word (daar) uitermate druk op die kinders geplaas. √ | 1 |
| 5.5 | vraestelle (in Chinees, Wiskunde en Engels) √ | 1 |
| 5.6 | (skeibare/deeltjie-) werkwoord √ | 1 |
| 5.7 | hoofsentrums √ | 1 |
| 5.8 | 'n Geografiese naam/pleknaam verbind met 'n rigting(bepaler)/windrigting, kry 'n koppelteken. √ | 1 |

2017 -03- 22

| | | |
|---|---|---|
| 5.9 | Ja | 1 |
| 5.10 | matrikulante √<br><br>*Spelling van die meervoudsvorm is belangrik.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |
| | **GROOTTOTAAL:** | **70** |

## Nasienriglyne

## Oefening 3

### VRAAG 3: ADVERTENSIE

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 3.1 | Koop, verkoop √ | 1 |
| 3.2 | maar/en/of/dog √ | 1 |
| 3.3 | Die visuele voorstelling van blare/takkies waarop die letters staan, sluit by die tuingereedskap op die kruiwa aan. √ | 1 |
| 3.4 | Dit lyk (vir my) of daar net tuinboubenodigdhede verkoop word. √ | 1 |
| 3.5 | Die hemel span wyd oor ons oop. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met hierdie bywoord aan.* | 1 |
| 3.6 | Oorreding/Beïnvloeding om die leser nuuskierig te maak (sodat hy/sy gaan kyk)/bewus te maak van die goedkoper opsie wat gebied word./ Manipulering om tot aksie oor te gaan. √<br><br>**EN**<br><br>Ja<br>Die koper het meer tuingereedskap aangekoop (want die kruiwa is swaar gelaai) as waarop sy gereken het. | 1<br><br><br><br>1 |
| 3.7 | ... koop ons graag (wéér) by jou .../<br>Ons koop graag (wéér) by jou ... √ | 1 |
| 3.8 | Die man sit op die bank terwyl hy televisie kyk.<br>Die bank van die rivier het tydens die vloed oorstroom. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke antwoord met "bank" as homoniem aan.* | 1 |
| 3.9 | Klankverspringing/Metatesis √ | 1 |
| | | **10** |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 4.1 | lewensbelangrik √ | 1 |
| 4.2 | Die verskil tussen 'n ware heer en 'n barbaar word daardeur/hierdeur gemaak. √ | 1 |
| 4.3 | wáre √ | 1 |
| 4.4 | Sy wil hom (taktvol maniere) leer./<br>Sy wil die pa beïnvloed ten opsigte van goeie maniere. √ | 1 |
| 4.5.1 | <u>Waarom/Hoekom/Waarvoor</u> moet 'n Viking sulke snert leer? √ | 1 |
| 4.5.2 | Net konings het goeie maniere./hoef goeie maniere te hê.<br>Hy moet soos 'n tipiese Viking optree. √ | 1 |
| 4.6 | Ons skryf volgende week eksamen in ons hoofvak, <u>naamlik</u> Afrikaans. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n soortgelyke sin van sy/haar eie aan.* | 1 |
| 4.7.1 | Helga skree baie hard (vir Hägar sodat hy sommer platval/op die tafel gaan lê wat haar mag/die mag van haar woorde aantoon)./<br>Sy sê hom baie sleg/beledig hom (wat aantoon dat sy d.m.v. taal mag het). √ | 1 |
| 4.7.2 | Ja<br>Hy ondersteun haar nie./suggereer dat sy seun hom nie aan sy ma moet steur nie.<br><br>**OF**<br><br>Nee<br>Hy het bloot twee vrae gevra sonder om ongeskik te wees./Niemand verdien om 'n buffel genoem te word nie. √ | 1 |
| 4.8 | ... kom jy deur die ganse land.<br>... stap jy deur die land. √ | 1 |
| | | **[10]** |

## VRAAG 5: ARTIKEL

| Vraag | Antwoord | Punt |
|---|---|---|
| 5.1 | Kontaminasie √ | 1 |
| 5.2 | sonder √ | 1 |
| 5.3 | ontwikkelende √ | 1 |
| 5.4 | millennia/millenniums √ | 1 |
| 5.5 | Die lande waarvan melding gemaak word, is juis nie arm nie./<br>Die meeste mense wat daar woon, leef armoedig./<br>Dis 'n gesin sonder lewensmiddele – hulle is behoeftig./<br>Die kerk sorg vir mense wat armlastig is./<br>Baie lande van die wêreld is tans hulpbehoewend as gevolg van oorloë. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie sin met die antoniem (arm/armoedig/behoeftig/ armlastig/hulpbehoewend) vir EEN punt aan.* | 1 |
| 5.6 | Dit √ | 1 |
| 5.7 | e-we-knie-e/<br>e/we/knie/e √<br><br>*Ignoreer die deelteken indien die kandidaat dit wel gebruik.* | 1 |
| 5.8 | Hulle het nóg bedrog, nóg korrupsie geken. √ | 1 |
| 5.9 | in √ | 1 |
| 5.10 | Dit het baie implikasies wat ons nog duur te staan gaan kom./<br>Dit het baie implikasies waarvan jy later baie sal hoor. √<br><br>*Die kandidaat bied 'n eie, gepaste byvoeglike bysin aan.* | 1 |
| | | **[10]** |
| | | |
| | **TOTAAL AFDELING C:** | **30** |

**Nasienriglyne**
**Oefening 4**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 3.1 | Die Afrikaanse Taalmuseum en -monument | 1 | 1 | | | | | |
| 3.2 | Ja.<br>Dit lyk soos wat die Taalmonument lyk./<br>Grafika pas gewoonlik by die teks. | 1 | | | 1 | | | |
| 3.3 | Nomineer:Die onderwyser word nimineer as Onderwyser van die Jaar. | 1 | | | | | | 1 |
| 3.4 | Iemand wat pryse vir sy werk ontvang/suksesvol is. | 1 | | 1 | | | | |
| 3.5 | Konnotatief. (geen punt hiervoor nie)<br>Dit verwys na die gewone/alledaagse mense. | 1 | | | 1 | | | |
| 3.6 | Sept. | 1 | 1 | | | | | |
| 3.7 | Die leerling se sin moet die volgende beteken: *middel teen siekte, hulp/steun/volksgeloof, uit die volksgeloof eerder as wetenskaplik bewys.* | 1 | | | 1 | | | |
| 3.8 | Twintigduisend Rand / twintig duisend rand | 1 | 1 | | | | | |
| 3.9 | ter | 1 | | | 1 | | | |
| 3.10 | Nominasies moes die ATM voor of op 14 Augustus 2016 bereik het. | 1 | | | | | | 1 |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

**VRAAG 4: SPOTPRENT**

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 4.1 | fonteintjie | 1 | 1 | | | | | |
| 4.2 | wysheid<br>*Die leerling se woord moet in die konteks pas* | 1 | | 1 | | | | |
| 4.3 | Die dier sê dat hy opsoek na die fontein van kennis is. | 1 | | | | | | 1 |
| 4.4 | verdrink | 1 | | 1 | | | | |
| 4.5 | omdat/want | 1 | | | | 1 | | |
| 4.6 | Nee, nie “ons” **nie**, net ek. | 1 | 1 | | | | | |
| 4.7 | Die woord “ons”/Diegene na wie die spreker verwys, word uitgehef. | 1 | | | | 1 | | |
| 4.8 | Nee, nie “ons” nie, net ek, maar jy kan ‘n slukkie kry. | 1 | | | 1 | | | |
| 4.9 | Bv. :Die kan is vol water. | 1 | | | | | | 1 |
| 4.10 | kan kry | 1 | | | | 1 | | |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

**VRAAG 5: ARTIKEL**

| Vraag | Antwoord | Punt | Kognitiewe vlak | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 |
| 5.1 | Die eerste stap na genesing, was glo om te erken dat jy ’n probleem gehad het | 1 | | | 1 | | | |
| 5.2 | spekvet | 1 | | 1 | | | | |
| 5.3 | nugter | 1 | | | 1 | | | |
| 5.4 | *Die leerling gee sy eie sin, bv.* | 1 | | | | | | 1 |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Bv.: Sy't 'n *ongesonde* passie ontwikkel vir *goeie/opwindende* rolbal. | | | | | | | |
| 5.5 | slaaf | 1 | | 1 | | | | |
| 5.6 | ontronding | 1 | | | 1 | | | |
| 5.7 | want | 1 | | 1 | | | | |
| 5.8 | Bv. Die gholfspeler word konfronteer met die onverwagte/swak houe wat hy/sy nie gedink het hy/sy oor beskik nie./speel swak gholf | 1 | 1 | | | | | |
| 5.9 | (om te) kyk | 1 | | | 1 | | | |
| 5.10 | Voëltjies word gereeld gesien. | 1 | | | | | | 1 |
| | | **[10]** | 4 | | 4 | | 2 | |

**TOTAAL AFDELING C: 30**